# KINDERKERK LES: **Verstaan jou Bybel – Afdelings van die Ou Testament – Die Geskiedenis boeke**

**Doel van les:**

- Om die basiese samestelling van die Bybel beter te verstaan sodat ons dit gemakliker kan lees en gebruik.

**Ysbreker 1: Boek ordes:** Maatjies, onthou julle dat ons gesels het oor die Bybel en dat daar 66 boeke in die Bybel is? Die Bybel is in twee dele opgedeel. Wie onthou wat ons dit noem? Die Ou Testament en die Nuwe Testament. Vandag gaan ons nog name leer. Ek gaan die naam sê en 'n beweging saam doen en dan gaan julle dit agter my aan doen. Is julle reg? (Die want gedeelte tussen die hakies is vir onderwyser se inligting en jy kan kies of jy dit nou al met kinders wil deel)

- **Genesis** – Albei hande bokant jou kop in 'n boog (Want in die begin het God die hemel en die aarde gemaak;
- **Eksodus** – Wys met wysvinger (God se Volk verlaat Egipte)
- **Levitikus** – Handpalms saam soos in gebed (Levitikus beskryf die maniere waarop sondige mense God kan aanbid en hoe ons heilig kan lewe.)
- **Numeri** – Hou drie vingers op (Die volk is getel)
- **Deuteronomium** – Wysvinger wat wys na kant van kop – jou tempel – (Herhaling van die wette om die belangrikheid van gehoorsaamheid te onderstreep en hoe God vir Israel sorg.)
- **Josua** – Maak asof jy 'n pyl met 'n boog skiet. (Josua lei die Israeliete die beloofde land binne en hulle neem die land in.)
- **Rigters** – Linkerhand se palm wys na die dak, regterhand in in vuis kap neer op die linkerhand se palm soos 'n regter se hamer. (Israel word deur rigters regeer in die tyd voor die konings.)
- **Rut** – Hou hande bymekaar asof dit vasgeboei is en breek dit dan los asof kettings gebreek word. (Die boek Rut is 'n liefdesverhaal van toewyding en verlossing.)

Verlede week het ons geleer oor die Wet boeke in die Bybel, en vandag gaan ons gesels oor die Geskiedenis boeke. Wie weet wat geskiedenis beteken?

Geskiedenis is die storie van mense en dinge, wat met mense gebeur het. Dit kan so lank terug wees soos toe Adam en Eva geleef het, of toe jou ouma en oupa so oud soos jy was, of selfs die dag toe jy gebore is. Geskiedenis is goed, want ons kan baie daaaruit leer.

Daar is 12 boeke wat geskryf is oor die geskiedenis van Israel en ons gaan vandag net so klein bietjie oor hulle gesels.

**Aktiwiteit 1: Rivierbank: :** Kinders staan in 'n ry. Die een kant van die vertrek noem jy rivierkant, die teenoorgestelde kant is bank en die middel is rivierbank. Die kinders begin in die middel. Jy roep nou uit rivier, bank of rivierbank. Die kinders spring dan na die kant toe wat jy uitroep. Wanneer jy rivierbank uitroep, moet hulle met die een voet in die rivierkant en die ander voet in die bank kant staan. Probeer die kante vinnig uitroep om die kinders uit te vang.

Verlede week het ons so klein bietjie gepraat oor Moses en hoe hy God se volk uit Egipte moes lei na 'n pragtige land wat God spesiaal vir hulle gekies het. Moses is in die woestyn dood, maar God het 'n man met die naam Josua gekies om die Israeliete in die land Kanaan, die spesiale land, in te lei. Hulle moes oor 'n rivier trek met die naam die Jordaanrivier. Daar was mense wat reeds in die land gebly het waar die Israeliete nou moes bly, en hulle moes veg teen daardie mense om hulle land te kry. Daardie mense het God nie geken nie, en het ander gode aanbid. God het vir die Israeliete gesê om al die mense, teen wie hulle veg, se grond te vat, maar die Israeliet het NIE al die grond gevat nie, en dit was 'n groot probleem gewees. Kom ons hoor wat toe gebeur het.

**Aktiwiteit 2: Rigters uitdeelstuk:** Gee vir elke groep 'n skoon blaai waarop hulle 'n groot sirkel moet teken, die Rigters uitdeeltstuk waarvan die dele reeds uitgeknip is, en ook gom. Laat hulle die prentjie aanmekaarsit en vasplak, al op die sirkel soos jy die dele verduidelik.

**Prentjie 1:** Die Israeliete het begin om afgode te aanbid soos die ander volke in die land.
**Prentjie 2:** Dit het God baie kwaad gemaak, want Hy het mos vir hulle gesê hulle mag nie ander gode dien nie, net vir God. Hy het toe ander volke gestuur om teen die Israeliete te veg en hulle te vang.
**Prentjie 3:** Die Israeliete het tot God gebid om hulle asb. te help.
**Prentjie 4:** God het dan 'n leier, 'n rigter, gekies om te gaan help en Sy mense te red.
**Prentjie 5:** Die Israeliete was dan baie bly en het vir 'n rukkie net vir God aanbid.

Maatjies, ons sien dat 'n sirkel nie 'n begin en einde het nie. Dit gaan net al in die rondte. Net so het die Israeliete aangehou om eers tot God te bid, dan afgode te aanbid, daar het volke gekom wat hulle gevang het en dan het hulle weer tot God gebid om hulle te kom help. Is dit nie hartseer nie? Almal het net gedoen wat reg is in hulle eie oë in plaas van om na God te luister.

**Aktiwiteit 3: Naboots speletjie:** Verduidelik vir die kinders dat jy nou 'n klompie aksies gaan uitvoer. Hulle moet nou presies doen wat jy doen. Krap bv jou kop, gaap, spring op een been. Raak kreatief met die speletjie.

Weet julle wat die Israeliete toe gedoen het? Hulle het gesien dat die volke rondom hulle konings het en toe wou hulle ook sommer, net soos daardie mense, 'n koning hê. Hulle het nie daaraan gedink dat God hulle Koning is nie. Nee, hulle wou 'n mens as koning hê.

**Aktiwiteit 4: Goeie koning/slegte koning:** Kry twee van die groepleiers/vrywilligers om die illustrasie te doen. Gee vir elkeen 'n kroon om op te sit. Die een gaan 'n slegte koning wees, wat slegte reëls gaan opnoem en die ander een 'n goeie koning met 'n lysie goeie reëls.

As die kinders dink dis 'n goeie reël mag hulle hande klap. As dit 'n slegte reël is, kry dit 'n "thumbs down".

**Slegte koning reëls kan bv. wees:**

- Julle mag nie vrugte en groente eet nie, net roomys elke dag;
- Julle mag elke dag die hele dag lank "movies" kyk en glad nie skool toe gaan nie;
- Niemand mag bad of stort nie;
- Jy hoef nie na jou mamma of pappa te luister nie.

**Goeie koning reëls:**

- Jy moet elke dag Bybel lees;
- Die hele wêreld moet in vrede leef;
- Jy moet elke dag iets moois vir iemand doen;
- Moenie rommel strooi nie.

Al is dit baie lekker om roomys te eet of heeldag "movies" te kyk, en nie skool toe te gaan nie, weet ons dat dit belangrik is om skool toe te gaan en gesonde kos te eet. Dis goeie reëls. God het vir die Israeliete ook goeie reëls gegee wat hulle veilig sou hou. Kom ons hoor of hulle geluister het.

God het toe vir Israel 'n koning gegee, en daar was nog baie konings na hom. Party was goeie konings, maar die meeste was slegte konings wat baie lelike dinge gedoen het, en nie na God geluister het nie. God se volk het van Hom vergeet en weer voor ander gode gebuig. Dit het God hartseer en kwaad gemaak, en nadat Hy die mense baie keer gewaarsku het om op te hou met die verkeerde dinge, en hulle nie geluister het nie, het Hy hulle gestraf.

**Aktiwiteit 5: Ballingskap:** Jy kan vir elke groep 'n bakkie met water, peper en skottelgoedseep gee of net die illustrasie voor in die klas doen met die kinders wat kyk. Neem die bakkie met water en gooi peper in die water. Druk jou vinger in die middel van die peper wat op die water dryf. Niks sal met die peper gebeur nie. Gooi nou 'n teelepel skottelgoedseep in die water. Druk weer jou vinger in die water, in die middel van die peper wat dryf. Die peper sal nou "weg spat" van jou vinger af.

God het die Israeliete gestraf. 'n Koning van 'n ander land het sy weermag gestuur wat die Israeliete gevang het, en weggevat het na 'n ander land. Die weermag het ook die tempel


afgebreek. Dit was baie hartseer, maar God het belowe dat Hy hulle sou terugbring na Israel, en omdat ons weet dat God nooit Sy beloftes breek nie, het dit later toe ook gebeur.

**Aktiwiteit 6: Bou 'n kerk met lego/blokkies:** Na 70 jaar is die Israeliete vrygelaat en kon hulle teruggaan na hulle beloofde land. Hulle het toe begin om die tempel van God weer op te bou en 'n man met die naam Esra, is ook na Jerusalem gestuur om hulle weer God se wette te leer.

Ai julle, dis maar 'n hartseer geskiedenis. Dink julle nie dat dit net beter sou wees as die Israeliete altyd na God geluister het nie? Ons kan baie leer uit dit wat met hulle gebeur het. Een van die belangrike dinge is om altyd na God te luister en net te doen wat Hy vra.

Sluit af met gebed in groepe.

# Rigters uitdeelstuk



Prentjie 1



Prentjie 2



Prentjie 3



Prentjie 4



Prentjie 5